‘n Perspektief… deur Nelis Janse van Rensburg

My onttrekking aan verlede Sondag se byeenkoms by die Al-Azhar Moskee in Distrik 6

Ek wil graag ter wille van perspektief verdere toeligting gee oor my onttrekking aan die byeenkoms verlede Sondagaand by die Moskee in Distrik 6.

Ek is ten gunste van dialoog met ander godsdienste. Ek het al by verskeie geleenthede gesprekke met mense van ander godsdienste bygewoon en gevoer en gemeen dat dit baie sinvol was. Ek het ook ‘n positiewe ondersteunende verklaring in Kerkbode gedoen oor die gelowiges van die Groote Kerk se bywoning van die nagwaak by die St Georges Katedraal na die Christchurch bomaanval. Ek het gemeen dit was die regte ding vir die Groote Kerk om te doen. Ek glo ook dat Christene vreesloos oor grense kan tree en mense wat sterk van jou verskil, kan ontmoet met die oog op dialoog en die bou van verstandhoudings wat radikalisme en haat teenstaan.

Om hierdie rede het ons as NG-leiers in gesprek getree met die Khulumani Support Group, ‘n groep wat steeds reparasie soek nadat hulle tydens apartheid baie persoonlike skade gely het. Niemand het ons veel van ‘n kans gegee met hulle nie. Ons het mekaar egter besonder goed beleef en ‘n mooi verhouding het ontwikkel. Daarom het ek, en ander saam met my, ook in gesprek getree met die Calata- en Goniwe-familie (Cradock 4). Dit was maklike gesprekke. Hulle is gelowiges en het ons baie hartlik ontvang. Ek het om dieselfde rede ook met Ruth Rice en Ilse Wilson, die dogters van Bram Fischer, ‘n Afrikaner wat onder meer ‘n kommunis was, gesels om versoening in ons land te bevorder. Bram het ‘n reuse impak op die geskiedenis van ons land gemaak. Ons het ook op my inisiatief met die EFF se leiers gepraat, onder andere oor plaasaanvalle en respek vir mense se eiendom. Dit het beslis nie aan moed ontbreek nie. Ons het ook gepraat met Solidariteit en Afriforum en die Vryheidsfront+. Dit was ook in ‘n sin maklike gesprekke omdat ons hulle stories verstaan en goed ken. Ek was ook gereed om met die Moslems in Distrik 6 te praat, om saam te staan teen geweld en haat na die bomme in Siri Lanka. Ons moet ‘n einde bring aan godsdiens- geïnspireerde geweld en haat. Ons moet met mekaar praat om dit reg te kry. Dit neem immers niks van ons identiteit in Christus weg om met mense wat van ons verskil, te praat nie.

Nadat die media dit bekend gemaak het dat ek van plan was om die Sondagaandbyeenkoms in Distrik 6 by te woon, het ek reaksie ontvang vanuit verskeie oorde. Dit het inderdaad my besluit om te onttrek geïnformeer:

1. Ons sinode se regsmense het dit onder my aandag gebring dat daar sprake is van ‘n leerklag teen die leraar van Groote Kerk oor ‘n gesamentlike diens met Moslems wat hy in Groote Kerk gelei het. Ek het geoordeel dat dit inderdaad die ring of die sinode se ondersoeke kan kompromiteer indien ek by hierdie verdere inter-godsdiens geleentheid optree. Dit was bepalend vir die uiteindelike keurse wat ek uitgeoefen het om nie aan die geleentheid deel te neem nie.
2. Ek het ook van ander baie verantwoordelike teoloë navraag ontvang oor die aard en die inhoud van die geleentheid. Die byeenkoms was geadverteer as ‘n gesamentlike gebedsbyeenkoms waarheen almal uitgenooi is. Die kommentaar is gelewer deur persone vir wie ek groot respek het en wie se mening nog altyd vir my groot gewig gedra het.

   Laat ek dadelik sê: Ons is dikwels by geleenthede waar daar meer as een godsdiens teenwoordig is en almal bid. ‘n Goeie voorbeeld is mnr Patrice Motsepe se jaarlikse Motesepe Foundation-dinee. Mnr Motsepe vra my elke jaar om daar te bid. Hy vra egter ook die Hoofrabbi en ‘n Moslemleier om ‘n gebed te doen. Mnr Motsepe is ‘n uitgesproke Christen. Die hele funksie adem elke jaar die gees van Christelike waardes en mnr Motsepe is tydens die funksie uitgesproke oor sy verbintenis tot die Christelike geloof. Vroeër vanjaar het hy ‘n gebedsaamtrek op die Orlandostadium gehou waar ds Dirkie vd Spuy namens die NG Kerk gebid het. Honderdduisend mense het die geleentheid bygewoon. Talle ander kerke se verteenwoordigers het deelgeneem aan die gebede. Daar het een Moslemleier ook gebid. Ons gaan nie nie deelneem, omdat daar ook ‘n Moslemleier aan die geleentheid deel het nie. Ons respekteer immers mekaar se reg op verskillende oortuigings. Ons

behoort ook aan die Western Cape Religious Leaders Forum. Dit sluit verteenwoordigers van verskillende godsdienste in en het veral gesamentlike bedinging met die staat ten doel.

Die oproep aan lidmate om deel te neem aan ‘n byeenkoms waar daar saam gebid word met ander godsdienste en die teologiese vrae wat daarop gevolg het, is egter van ‘n ander aard as bogenoemde geleenthede. Die navrae hieroor het my oortuig dat ons ter wille van deurdagte deelname eers weer deeglik sal moet dink oor die aannames waarmee ons deelneem aan hierdie soort geleenthede. Dit kan so maklik gebeur dat mense onbedoeld aan ander groot aanstoot gee, of dink hulle moet iets van hulle eie identiteit as volgelinge van Christus prysgee of verswyg. Ek meen dat ek en ander leiers ook hierin ‘n voorbeeld behoort te stel. Die publisiteit wat met my onttrekking gepaard gegaan het, het my totaal verras. Ek aanvaar egter verantwoordelikheid oor die onbedoelde slegte uitkomste daarvan.

3. Daar het ook ander navrae van toegewyde lidmate na my gekom wat daarop gedui het dat hulle nie begrip het vir die getuieniswaarde van dialoog en die betekenis daarvan vir die koninkryk van God nie. Daar is ook nie genoeg begrip vir die nodigheid van die bou van ‘n koalisie teen haat en geweld nie.

   Ek het in my vroeëre reaksie op die nagwaak wat deur die Groote Kerk bygewoon is, gewag gemaak van die wyse waarop Jesus met die Samaritaanse vrou in Johannes 4 kontak maak. Die eerste ding wat Hy doen is om sy broosheid te wys. Dan ontvang Hy van haar. So wen Hy haar vertroue en neem haar in in ‘n deernisvolle verhouding. Hoewel ons oor geestelike gesag beskik, neem ons nie met magsvertoon deel aan hierdie gesprekke nie. Ons volg Jesus se voorbeeld en ontvang en bou verhoudings en werp die lig van die Evangelie op die donker aannames wat daar mag bestaan. Maar ons doen dit respekvol sonder om mense se waardigheid aan te tas, soos dit kinders van die Here betaam.

   Dit was uit die reaksie van mense, en dit is bevestig deur die gelowiges wat negatief reageer het op ds Riaan de Villiers en die gemeente se inisatiewe, duidelik dat ons in ons tradisie nog baie gesprek nodig het met die oog op die getuienis van die kerk in ‘n plurale samelewing. Ons moet onthou dat ons die hoofargitekte van ‘n samelewing was waarin die kultuur en waardes van afskeiding en meerderwaardigheid gegeld het. Ons het dit met mag gedoen omdat ons ‘n magsposisie beklee het. Intussen het ons egter die mag verloor. Dit verg nou ‘n reuse aanpassing om jou rol as kerk sinvol op ‘n radikaal nuwe manier te vertolk. Ons skuld die meeste van ons lidmate diepgaande gesprekke en leiding ten aansien van dialoog en versoening, van saamleef met mense van ander oortuigings en gewoontes.

   As soveel lidmate nog nie verstaan waarom dialoog gaan nie, en hulle almal dink hulle geloof in God word gekompromiteer deur hierdie soort gesprekke, is effektiewe leierskap nodig om die regte perspektief en insig te bevorder. Dit is immers so dat die verkeerde aanpak van hierdie soort gesprekke inderdaad daartoe kan lei dat jou geloof in God gekompromiteer word. Prof Dawid Bosch, Suid-Afrika se beroemde missioloog, maak ‘n baie sterk saak uit ten gunste van dialoog met ander godsdienste. Maar hy is duidelik dat die redes waarom ons aan hierdie gesprekke moet deelneem weldeurdag moet wees. Hy skryf in sy studienotas onder meer ook die volgende: “'n Faktor wat hierdie dialektiese verhouding tussen oortuig wees en verdraagsaam wees bemoeilik, is die moderne relativisme en skeptisisme. Elke godsdiens wat optree met die pretensie om die enigste te wees om die waarheid aan te bied, is onder verdenking en word van onverdraagsaamheid beskuldig en dit is een van die doodsondes in die moderne lys van ondeugde.

   Agter hierdie verwyt sit egter 'n ernstige misverstand omtrent die wese van verdraagsaamheid. Dit beteken nie dat mens jou eie oortuiging relativeer nie, maar wel dat 'n mens steeds bereid bly om na ander te luister in ‘n gees van openheid en nederigheid. Die Christenteoloog weet immers ook dat hy gevalle mens, sondaar, is. Daarom is hy nie alleen 'n beperkte wese nie, maar ook 'n dwalende; hy is van die waarheid afkerig en met voordele behep. Juis hierdie wete behoort hom tot verdraagsaamheid en beskeidenheid te maan en hom te behoed van alle apodiktiese uitsprake (kategoriese uitsprake = my vertaling). Hierdie vereiste houding kom ook tot uitdrukking in deemoed, soos die waarmee Paulus optree as hy sê: "Ons bid julle om Christus wil ..." (2 Kor.5:20).

Verdraagsaamheid as lewenshouding is 'n konsekwensie van die evangelie. Dit wil nie sê dat die Christen nie moet getuig nie, en wel met oortuiging; trouens, 'n verdraagsame gesindheid is self ‘n getuienis vir die evangelie. Daarom het verdraagsaamheid ook sy grense; om gesamentlike godsdiensbeoefening van mense van verskillende godsdienste (let wel: nie bloot verskillende Christelike denominasies nie) te hou, het byvoorbeeld niks met verdraagsaamheid te doen nie. Dit is soos Kraemer tereg sê, bloot "spiritual quackery to maintain that one is praying to the same Cod, named alternatively Cod, Ram, Allah, and to do that by devising a prayer that hurts nobody in his feelings and convictions... It is not allowable to experiment with God".” (Dialoog, D.J. Bosch, Studiegids. MSA 301-B Unisa, 1982, p216.)

Uit die geskiedenis van dialoog tussen die Abraham-godsdienste is dikwels van ‘n teosentriese benadering gebruik gemaak. Die vraag oor die kontinuïteit of diskontinuïteit van gelowiges se Godsbegrip na die koms van Christus word deeglik deur Karl Barth aangespreek. Ander meen dat ‘n Christosentriese benadering die enigste weg is om op te gaan. Vandag dink ons met nuwe intensie Trinitaries en glo dat die beweging van die Drie-enige God in die wêreld oor alle grense strek en dat ons in daardie beweging ook meegeneem word na ander godsdienste. Sonder om nou op al die implikasies van hierdie fundamentele keuses te fokus, meen ek dat ons diepgaande hieroor sal moet nadink. In ‘n boek soos Christian Uniqueness Reconsidered, onder redakteurskap van Gavin D’Costa (Published by Orbis Books Maryknoll, New York), word byvoorbeeld in ‘n aantal essays die kompleksiteit van die kwessie van Christene se getuienis in ‘n pluralistiese wêreld uitgespel. Ek noem die titels van enkele artikels ter illustrasie: Trinity and Pluralism, Rowan Williams; Christ, the Trinity, and Religious Plurality, Gavin D’Costa; Religious Pluralism and Conflicting Truth Claims, Wolfhardt Pannenberg; Religion for the Marketplace, Leslie Newbegin; Is “Pluralistic Theology” useful for the Dialoque of World Reigions? Jürgen Moltmann. Terloops, ‘n duidelike onderskeid is nodig tussen ‘n pluralistiese teologie en teologie in ‘n pluralistiese wêreld.

Ek sal graag my posisie in die kerk wil gebruik om gesprek oor ons teologiese uitgangspunte te ondersteun en op meer plekke op gang te kry. Aktivisme is goed, maar dit kan nie my rol wees nie. Ek sou eerder wou bydra daartoe dat welmenende Christene ingelig word en begelei word om inter-geloof gesprekke met die regte aannames en vertrekpunte aan te pak en sodoende nie hulle geloof in die Drie-enige God onwetend en onbedoeld kompromiteer nie.

Ek sal ook voortgaan om met persone van ander godsdienste in gesprek te tree en die nodige netwerk van weerstand teen magsmisbruik en geweld bevorder. Ons moet die ruimtes waarin ons leef saam beskerm en voorsien van ‘n kollektiewe verbintenis tot respek en menswaardigheid. Ek sal ook graag die langer pad loop en verder probeer vorder in die verandering van aannames. Hiermee bedoel ek nie dat ander persone nie ander rolle kan en behoort te speel om bewuswording te bewerk en verkeerde aannames te ontbloot nie. In ds Riaan de Villiers se toespraak by die moskee, het hy bv baie goed daarin geslaag om sy verbondenheid aan Christus te bely, terwyl hy pleit vir ‘n verenigde front teen godsdienstige haat en geweld.

Ons het werk om te doen. Afsondering van diegene wat saam met ons in hierdie land leef is nie die antwoord van die Evangelie vir pluraliteit nie. Laat ons as Christene hande vat en seker maak dat ons deel het aan die beweging van God in die wêreld oor alle grense heen. Laat ons dan met nederigheid en respek, maar ook met ‘n ondubbelsinnige getuienis oor ons geloof in die Drie-enige God ons getuienis lewer.

6 Mei 2019